'THE BACHELOR'

# 'Manipulasie en leuens' in boek onthul

**Terésa Coetzee** en **Ané van Zyl**

Die waarheid oor wat werklik agter die skerms in die eerste seisoen van *The Bachelor SA* en selfs daarna aangegaan het, sal binnekort in 'n boek deur een van die deelnemers aan die groot klok gehang word.

Lee Thompson, voormalige rugbyspeler, model en die eerste ster van *The Bachelor SA*, skryf tans 'n boek en gaan glo sy ervarings op die program en alles oor die "misleiding, manipulasie en leuens" uitblaker.

Gevra wat die lesers kan verwag, het Lee geantwoord: "Hulle kan die waarheid verwag. 'n Vertelling van my kinderjare, vorige verhoudings, my gesinslewe tot my skooldae, my sport-, model- en sakebedrywighede.

"Maar die boek fokus ook baie op *The Bachelor SA* – die goeie tye asook die misleiding, manipulasie en leuens. Dit sal ook die geestesgesondheidskwessies wat dit veroorsaak het openbaar en hoe ek dit oorkom het. Ek sal ook oor sommige van die vroue in die boek praat en baie van die vals gerugte weerlê. Ek sal praat oor die speletjies wat Gina (Myers) en Jozaan (Digue) ná die tyd met my gespeel het."

Gina en Jozaan was die twee vroue wat laaste in die program oorgebly het. Lee het Gina gekies, maar hulle was reeds uitmekaar voordat die finale episode nog uitgesaai is.

"My boek sal 'n groot las afhaal van my skouers wat ek al geruime tyd met my saamdra."



**Lee Thompson, voormalige rugbyspeler en model.** Foto: INSTAGRAM/ LEE THOMPSON

Dit is nog nie bekend wanneer die boek, *The Truth Behind the Rose*, te koop sal wees of wie die uitgewer is nie.

Lee het ook op die aanlyn radiostasie Cliff Central met die aanbieder Gareth Cliff oor die boek gepraat. Toe hy gevra is of hy meen dat die vroue in die program "van 'n swak gehalte was", het Lee geantwoord: "Baie van hulle, ja."

Hy het egter aan *Die Burger* gesê hy is nie spyt daaroor dat hy aan die program deelgeneem het nie. "Ek het daar ingegaan met die hoofdoel om 'n pasmaat te kry om die res van my lewe mee deur te bring, maar dit het ongelukkig nie gebeur nie.

"Nadat ek die program gekyk en meer oor die vroue geleer en oor wat agter die skerms aangegaan het, sou ek ander keuses gemaak het. Hoewel daar soms tye was wanneer die produksiespan my gemanipuleer het om sekere vroue in te hou wat ek uit wou hê."

M-Net sê in reaksie op Lee se bewerings: "Alle realiteitsprogramme is daarop gemik om die gehalte van die produksie te bestuur, nie om die uitslag te manipuleer nie. Professionele hulp word aangebied aan alle deelnemers wat aan ons realiteitsprogramme deelneem. Dit word tydens die produksie gedoen en ook aangebied nadat die program voltooi is.

"Ons het dit geniet om saam met Lee te werk, en ons wens hom sterkte toe met al sy toekomsplanne."

Lee sê: "Ek skryf die boek omdat ek my volle lewensverhaal met die wêreld wil deel en dit in een boek kan saamvat. Die program het my versigtiger gemaak vir vroue en wat hul ware bedoelings is. Dit het my ook laat besef hoe belangrik liefde vir my is en noudat ek dit by die regte persoon gevind het, verstaan en waardeer ek dit soveel meer."

Lee, wat van Pretoria is, het in Julie op Instagram aangekondig dat hy weer iemand in sy lewe het, maar dat sy nog nie haar naam bekend wil maak nie.

## Koebaai, son!

Lesersfoto
Stuur foto's na webred@dieburger.com



**Mildred Wilsch het dié foto van haar kleinkinders Oloff, Lea, Elri en die honde, Buddy en Lucy, op Melkbosstrand ingestuur. Hul pa, Cornél, het die foto geneem. Die gesin woon in Van Riebeeckstrand.** Foto: CORNÉL WILSCH

## Covid-19 raak dalk mense met O-bloedgroep minder – studie

Mense met die O-bloedgroep is moontlik minder kwesbaar as hulle Covid-19 sou opdoen en hul kanse om ernstig siek te word is ook kleiner, volgens twee studies wat Woensdag gepubliseer is.

Die navorsing wat in die vaktydskrif *Blood Advances* gepubliseer is, toon mense se bloedgroep speel moontlik 'n rol in hoe maklik hulle die koronavirus kan opdoen en hoe ernstig iemand siek sal word.

'n Deense studie onder 7 442 mense toon 38,4% van dié wat aan die O-bloedgroep behoort is positief vir die virus getoets, terwyl 44,4% van die A-bloedgroep positief getoets is.

Navorsers in Kanada het in 'n studie onder 95 mense bevind van dié wat kritiek siek geword het, het 84% van die mense met die bloedgroep A of AB ventilasie benodig, teenoor 61% van bloedgroep O en B.

Die navorsers het ook vasgestel dat mense met die bloedgroep A of AB langer in die waakeenheid moes bly as dié met die bloedgroep O of B. Pasiënte met die bloedgroep O of B het gemiddeld nege dae in die waakeenheid deurgebring, en dié met A of AB moes 13½ dae in die waakeenheid bly.

Die studie toon ook meer pasiënte met tipe A of AB het dialise benodig vir nierversaking.

Die resultate dui daarop dat Covid-19-pasiënte in die A- of AB-bloedgroep 'n groter risiko loop vir verswakte orgaanfunksionering of -versaking as die ander bloedgroepe. **– CNN, Medical Express, NBC News en New York Post**

## Ape, wildehond en voëls is nou dolgelukkig

**Jackie Kruger**

Dit gaan voor die wind met 'n groepie voormalige inwoners van die Bloemfonteinse dieretuin wat 'n nuwe heenkome by toevlugsoorde van die Suid-Afrikaanse Alliansie vir Toevlugsoorde vir Diere (Saasa) gekry het.

Die diere bestaan uit primate (twee spinape, drie langarm-ape en drie blouapies), 'n wildehond en 'n aantal voëls wat kort voor die inperking na die toevlugsoorde verskuif is.

Die primate het goed aangepas by Monkeyland buite Plettenbergbaai, sê Isabel Wentzel, groepkurator. "Hulle is dolgelukkig hier."


Die twee spinape sal na Monkeyland se tweede toevlugsoord vir primate in KwaZulu-Natal verskuif word.

Volgens haar het die primate hulle aanvanklik "doodgeëet" aan al die kos omdat Monkeyland daagliks 'n groot verskeidenheid kos van meer as 400 kg aan al sy inwoners verskaf.

Die primate het ook 'n hele bos van 12 ha tot hulle beskikking waar hulle nou na hartelus kan baljaar.



**'n Langarm-aap in die Monkeyland-toevlugsoord vir primate buite Plettenbergbaai.**



**'n Spinaap, 'n oud-inwoner van die Bloemfonteinse dieretuin, by die Monkeyland-toevlugsoord .**

Die wildehond word gehuisves by Jukani, Saasa se toevlugsoord vir groot katte en ander diere buite Plettenbergbaai, en woon in 'n kamp.

Ook die voëls soos ringnekke is in hul element by Birds of Eden, die wêreld se grootste vryevlugvoëlpark, langs Monkeyland in Plettenbergbaai. Meer as 3 500 voëls van meer as 200 spesies kom in dié park voor.

Die Bloemfonteinse dieretuin het vroeër vanjaar sy deure gesluit nadat die Dierebeskermingsvereniging tydens 'n inspeksie op dooie en uitgehongerde diere afgekom het.

Van die diere is ingeneem deur ander organisasies soos Lions Rock en die Born Free-stigting by Shamwari.

Saasa is wêreldwyd bekend vir die rehabilitasiewerk wat by sy toevlugsoorde gedoen word. Daar kry die diere die kans om hul lewe so natuurlik as moontlik in 'n veilige omgewing te lei.

Saasa is in 2019 as die wenner in die afdeling vir die grootste toeriste-aantreklikheid in Skål International se pryse vir volhoubare toerisme aangewys.

## 62 veilig ná vissersboot by Gough-eiland sink

**Warda Meyer**

'n Vissersboot wat in Belize geregistreer is, het gistermiddag sowat 'n seemyl van Gough-eiland af gesink.

Belize is 'n Karibiese land geleë aan die noordoostelike kus van Sentraal-Amerika.

Die vaartuig, *Geo Searcher*, het vermoedelik vroeër die dag 'n rots getref.

Die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (Samsa) sê al 62 bemanningslede is veilig uit die vaartuig ontruim.

Hulle is nou almal op Gough-eiland.

Luidens Samsa se verklaring het een bemanningslid ligte beserings opgedoen.

Samsa sê die vaartuig het gesink nadat water in die masjienkamer begin instroom het.

Samsa sê Suid-Afrika tref reëlings om die bemanning so gou moontlik van die eiland na veiligheid te bring.

Gough-eiland is sowat 2 600 km van Kaapstad af in die Suid-Atlantiese Oseaan geleë.

## Zozibini en Leandie sal vanjaar se Mej. Suid-Afrika help kies

**Ané van Zyl**

Die huidige Mej. Heelal, Zozibini Tunzi, en die Afrikaanse aktrise en sakevrou Leandie du Randt sal vanjaar op die paneel van beoordelaars vir die Mej. Suid-Afrika-kompetisie wees.

Tunzi woon nou permanent in Los Angeles saam met Mej. Amerika, maar is terug op eie bodem om die nuwe wenner te lei.

Sy sê dit voel surrealisties om 'n beoordelaar te wees: "Net 'n jaar gelede was ek nog 'n deelnemer op die verhoog en was verwonderd oor die vroue op die beoordelingspaneel.

"Die lewe van een vrou gaan binnekort heeltemal verander en ek is deel van die paneel wat dit gaan laat gebeur. Ek is senuagtig, maar meestal nederig en opgewonde daaroor."

Wat sal sy in die ideale kandidaat soek? "Ek is op soek na iemand met 'n egtheid en opregtheid oor wie sy is.

"Iemand wat 'n stem en 'n aura om haar het wat byna almal op hul gemak laat voel wanneer hulle met haar in aanraking kom, want sy sal in die jaar met baie mense skakel.

"Aan die wenner van die Mej. Suid-Afrika-kompetisie: Jy gaan die mooiste herinneringe maak en baie lewens aanraak. Moet dit nooit ligtelik of as vanselfsprekend aanvaar nie; dit is 'n seën.

"Daar is soms tye wanneer dinge regtig moeilik gaan word, en wanneer dit gebeur, wil ek hê dat jy moet onthou waarom jy daarmee begin het. Dit sal jou deur die malste dae lei. Maar bowenal, leef in die oomblik en geniet dit ten volle, want die tyd gaan so vinnig verby."



**Zozibini Tunzi, huidige Mej. Heelal, en die aktrise en entrepreneur Leandie du Randt.** Foto: INSTAGRAM

Du Randt meen Mej. SA is belangrik vir die Afrikaanse gemeenskap en sê sy dink sy sal hulle goed verteenwoordig. "Dit is al 'n geruime tyd 'n droom van my. Ek sal uit my hart oordeel terwyl ek my gesonde verstand gebruik.

"Ek is al 12 jaar in die vermaaklikheidsbedryf as aktrise en entrepreneur. Dit het my bloотgestel aan verskillende soorte mense en sakeomgewings en ek het die vermoë gekry om ware egtheid te herken. Dit is volgens my een van die belangrikste eienskappe wat 'n ware Mej. SA moet hê."

Ander lede van die paneel is Peggy-Sue Khumalo en Anele Mdoda, asook 'n vyfde beoordelaar wie se naam nog aangekondig moet word.

SEA POINT City Improvement District

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergaderig (AJV)**

Die Sea Point City Improvement District NPC (SPCID) hou 'n AJV. Alle belanghebbende persone word genooi na 'n oorsig van die jaar se bedrywighede, goedkeuring van die termyn verlening en beplanning vir 2021/22.

Weens Covid-19 en die moontlikheid van veranderinge in vlak, raadpleeg asseblief die webtuiste vir verdere inligting oor die prosedure vir die algemene jaarvergadering.

**Datum:** 12 November 2020
**Tyd:** 10h30
**Plek:** Protea Hotel Arthur's Road Sea Point

Slegs bona fide-lede van die SPCID kan stem by 'n AJV. Alle eienaars van nie-residentieële en residentsieële eiendom wat binne die SPCID val, kan lede word sonder enige koste daaraan verbonde, maar moet registreer voor 5 November 2020.

**Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na www.seapointcid.co.za, stuur 'n epos aan wayne@seapointcid.co.za. of skakel 021 434 1234.**

X1WD0EVW-DB161020

ACTIVE CITIZENS COMMITTED TO INSPIRING A NATION OF ACTIVE CITIZENS COMMITTED TO INSPIRING A NATION OF
COMMUNITY CHEST

**GEMEENSKAPSKAS VAN DIE WES-KAAP ALGEMENE JAARVERGADERING**

KENNIS GESKIED HIERMEE VAN DIE

**92STE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE LEDE**
VAN DIE GEMEENSKAPSKAS VAN DIE WESKAAP 003-040 NPO

EN DIE

**19DE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE LEDE**
VAN DIE GEMEENSKAPSKAS VAN DIE WESKAAP ARTIKEL 18A 016 287 NPO

WAT SAL PLAASVIND OP

**DATUM: Vrydag, 30 Oktober 2020**
**TYD: 16:00 – 18:00**
**PLEK: Aanlyn via Zoom***
*Aanlyn skakel sal gestuur word na RSVP bevestiging
**RSVP: members@comchest.org.za of skakel Susan Thevar op 082 323 5629**

X1WD2J95-DB161020

WE THE PEOPLE

**LUG JOU MENING**

**MEDIUMTERMYN-BEGROTINGSBELEIDSVERKLARING (MTBBV) VIR 2020**

**OPROEP OM OPENBARE VOORLEGGINGS EN KOMMENTAAR**

Die Staande Komitee oor Finansies en die Gekose Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike voorleggings in te dien oor die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) vir 2020 wat op 21 Oktober 2020 ter tafel gelê gaan word.

Die Minister van Finansies (die Minister) sal die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) vir 2020 op 28 Oktober 2020 voor die Parlement ter tafel lê ingevolge artikel 28 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999) (WOFB). Dit vereis dat die Minister veeljarige begrotingsvooruitskattings vir inkomste, uitgawes en belangrikste makro-ekonomiese vooruitskattings op 'n jaarlikse basis ter tafel moet lê. Die Minister sal ook sy verpligting ingevolge artikel 6(1) van die Wet op die Wysigingsprosedure van Geldwetsontwerpe en Verwante Sake (Wet 9 van 2009) nakom, wat vereis dat die Minister die MTBBV aan die Parlement moet voorlê.

Openbare verhore sal virtueel op Woensdag, 04 November 2020 gehou word.

Voorleggings en voorneme om 'n mondelinge aanbieding te maak moet teen nie later nie as 12:00 op Maandag, 02 November 2020 ontvang word.

Voorleggings moet gerig word aan die Komiteesekretarisse, mnr Allen Wicomb (Staande Komitee oor Finansies), me Teboho Sepanya (Staande Komitee oor Finansies) en mnr Nkululeko Mangweni (Gekose Komitee oor Finansies), 3de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad 8000 of awicomb@parliament.gov.za / tsepanya@parliament.gov.za en nmangweni@parliament.gov.za of sel 071 363 2349 / 061 438 9448 of faks: 021 403 3942.

Afskrifte van die MTBBV vir 2020 sal op 28 Oktober 2020 beskikbaar wees by www.treasury.gov.za.

**Uitgereik deur agb MJ Maswanganyi, LP, Voorsitter: Staande Komitee oor Finansies (Nasionale Vergadering) en agb YI Carrim, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Finansies (Nasionale Raad van Provinsies).**

**Parliament. Making Democracy Work.**

www.ayandambanga.co.za DIE BURGER AFR 140645 www.thecandocompany.co.za